



## Aansoek om deur Ruimsig Gemeente Leraar in die eg verbind te word.

*Baie geluk en dankie dat julle dit oorweeg om hierdie spesiale verbintenis deur Ruimsig Gemeente te laat hanteer.*

Dit is Ruimsig Gemeente se voorreg om deel te hê aan julle spesiale dag, daarom wil ons die volgende ter voorbereiding aan julle kommunikeer.

Na die voltooiing van die benodigde inligting kan dit aan [wendy@ruimsig.com](mailto:wendy@ruimsig.com) gestuur word, of by die kantoor ingehandig word. Ons nodig so gou as moontlik die voltooide vorm voordat daar navraag gedoen kan word of die leraar beskikbaar is.

Die leraar sal graag met julle as paartjie wil ontmoet en die seremonie bespreek, hierdie gesprek moet ten minste drie weke voor julle huweliksdatum plaasvind. Ruimsig Gemeente wil julle graag akkommodeer ten opsigte van keuse van 'n leraar, sou dit nie moontlik wees vir die betrokke leraar nie, sal ons graag 'n toewysing wil maak met gedagte aan beskikbaarheid.

### Wetlike aspekte:

Tydens die seremonie word 'n huweliksertifikaat ("abridged") uitgereik wat sal dien as julle wettige dokument van voltrekking van die huwelik en dat julle wettiglik getroud is. Ingesluit by die administrasie proses is die inhandiging van 2 afskrifte van die register wat voltooi is, by Binnelandse Sake, terwyl 'n derde op ons rekords gehou word.

Ongelukkig is dit hoe ver ons verantwoordelikheid met registrasie strek. Die fisiese registrasie en oplaai van inligting is die verantwoordelikheid van Binnelandse Sake, 'n proses wat tot 3 maande kan neem. Julle huidige identiteitsdokumente is geldig tot vervanging of verval daarvan.

*Jy kan seker maak van jou huwelikstatus deur die kliëntediens nommer te skakel: 0800 60 11 90*

Na die voltrekking van die huwelik, kan u aansoek doen vir 'n "Unabridged Marriage Certificate" by enige Binnelandse Sake kantoor. **Ons word by regte nie toegelaat om vir hierdie dokument namens julle aansoek te doen nie.**

**Neem kennis: Ons is nie geakkrediteer om "same sex" huwelike te voltrek nie.**

### Dokumentasie:

1. As enige party geskei is, moet 'n afskrif van die finale egskeidingsbevel voorsien word, die afskrif moet asseblief gewaarmerk wees en moet 'n **offisiële hof stempel** ophê, met ander woorde 'n **stempel van die Hooggeregshof**.

*Baie belangrik!!! Bevestig asseblief eers dat jou egskeiding geregistreer is by Binnelandse Sake voordat ons jou huwelik kan bevestig!! NB!!!!*

2. Sou enige party 'n weduwee / 'n wewenaar wees moet 'n afskrif van die doodsertifikaat voorsien word.
3. Sou enige party nie Suid-Afrikaanse burgerskap hê nie, is 'n afskrif van hulle Paspoort EN 'n afskrif van 'n wettige Residensiële Permit / Visa nodig en 'n Vorm **BI-31 (wat ons sal voorsien)** moet ingevul word. 'n Onderhoud by jou leraar se Binnelandse Sake met 'n Immigrasie Offisier sal gehou moet word.
4. Sou enige party nie 'n wettige Suid-Afrikaanse Groen Identiteitsdokument /Kaart hê nie, moet 'n **BI-31 (wat ons sal voorsien)** ingevul word.
5. Sou enige party onder die ouderdom van 21 wees, word 'n Vorm **BI 32A voltooi (wat ons sal voorsien)**.
6. Sou die bruid jonger as 15 wees, en die bruidegom jonger as 18, moet toestemming tot die toetrede tot die huwelik verkry word vanaf die Kommissaris vir Kinderwelsyn.

**Belangrike dokumentasie benodig wanneer daar met die betrokke Leraar ontmoet word: Berei asseblief 2 afskrifte van elk voor.**

1. Bogenoemde dokumente – waar nodig.
2. Gesertifiseerde afskrifte van die bruid en bruidegom se Identiteitsdokumente (ID's).
3. I.D. foto's van bruid en bruidegom (3 stelle)
4. Twee getuies se ID's. Julle gaan twee getuies ouer as 16 benodig om die register te voltooi, asook kontaknommers vir hulle.
5. 'n Brief vanaf julle prokureurs dat daar 'n voorhuwelikse kontrak opgestel is, indien van toepassing.
6. 'n Padkaart met aanwysings na die "Venue" waar die troue gaan plaasvind.
7. Die gepaardgaande ingevulde "Inligting t.o.v. voorgenome huweliksvorm" wanneer met julle leraar ontmoet word.

### **Kostes:**

Die volgende riglyne moet gehandhaaf word:

- 'n Administrasie fooi van R2500.00 aan die leraar van Ruimsig Gemeente word gehef, die bedrag sluit die volgende in:
  - ✓ 'n Voorhuwelikse kursus soos bepaal deur die leraar (slegs vir Ruimsig Gemeente lidmate)
  - ✓ 'n Voorhuwelikse afspraak met die betrokke leraar
  - ✓ Hantering van die voorafgaande boodskap en seremonie voor die huweliksbevestiging
  - ✓ Inhandiging van registrasievorms (DHA-30) van die huwelik by die Departement van Binnelands Sake nadat die huwelik bevestig is.
- Reis kostes en tolhek fooie sal gehef word wanneer die huweliksbevestiging verder as 'n 30 km radius van Ruimsig Gemeente se kantore is, dus is die eerste 30 kilometer ingesluit in die R2500.00 waarna 'n R3.65 per kilometer reiskoste gehef sal word.

**NB: Deposito's en Betalings is nie terugbetaalbaar as die bespreking gekanselleer word nie.**

### **Bank besonderhede:**

Doen asseblief navraag by jou leraar vir die bank besonderhede.

**NB: Bank Verwysing: Van & DATUM VAN DIE HUWELIK bv.: Troue Botha/31122017**

### **Kontakbesonderhede:**

#### **Ruimsig Gemeente**

Ruimsig Convention Centre (Ou Mount Usambara),  
Plot 35, on R28, Paardekraal Rylaan,  
Krugersdorp, Gauteng 1739

Posbus 626, Ruimsig, 1732  
Tel: 082 889 9730 (Kantoor)  
Epos: info@ruimsig.com  
www.ruimsig.com

Reg. No. 2001/019/369/08

### **CHECKLIST**

**Baie belangrik! Bring asseblief die volgende dokumente saam wanneer daar met die betrokke leraar ontmoet word.**

<b>Noemname</b>		
<b>Datum van Troue</b>		
<b>Egskedingsbevel (indien van toepassing)</b>	<b>Ja</b>	<b>Nee</b>
<b>Gewaarmerkte afskrifte van beide se ID's</b>	<b>Ja</b>	<b>Nee</b>
<b>Gewaarmerkte afskrifte van huwelikskontrak of brief van prokureur</b>	<b>Ja</b>	<b>Nee</b>
<b>2 X getuies se ID's</b>		
<b>I.D. foto's van beide man en vrou</b>		



## Inligting t.o.v. Voorgenome Huweliksvorm

Persoonlike inligting:		
Besonderhede:	Bruidegom	Bruid
Van:		
Nooiensvan:		
Volle name:		
Noemnaam:		
I.D. nommer:		
Plek van geboorte		
Kontaknommer:		
Huidige woonadres:		
Poskode (straat):		
Epos adres:		
Voorheen getroud?		
Huidige beroep		
Hoogste kwalifikasies		
Het jy lidmaatskap by Ruimsig Gemeente?		
Getuies se naam en kontaknommers		
Huwelikskontrak?		

<b>Bruid se van na troue?</b>			
<b>Deposito betaal?</b>			
<b>Woonadres na die troue</b>			
<b>Poskode (straat):</b>			
<b>Meer omtrent die Troue:</b>			
<b>Trou venue:</b>			
<b>Datum:</b>			
<b>Tyd:</b>			
<b>Padkaart na Venue:</b>	<b>Ja</b>	<b>Nee</b>	
<b>Venue adres:</b>			
<b>Tolhek:</b>	<b>Ja</b>	<b>Nee</b>	<b>Koste:</b>
<b>Kantoor voltooi:</b>			
<b>Reiskoste:</b>		<b>Tolhek koste:</b>	
<b>Totaal van vervoer koste:</b>			
<b>Meer Inligting:</b> (Noem ook hier of jy 'n spesifieke leraar in gedagte het):			

### Toestemming dat Ruimsig Gemeente jou inligting mag stoor

Hiermee gee ek, aansoeker met bg. inligting, toestemming dat Ruimsig Gemeente die inligting soos hier voorsien, mag stoor in hulle databasis vir solank soos die gemeente die inligting benodig. Julle data word gestoor vir kommunikasie, rekord en statistiese doeleindes.

<b>Handtekening Man:</b>	<b>Handtekening Vrou:</b>
<b>Datum:</b>	<b>Datum:</b>

*Epos ingevulde vorm na [wendy@ruimsig.com](mailto:wendy@ruimsig.com)*